**Hoërskool McLachlan**

Posbus 3
Joubertina
6410

042-9402775
info@hsmclachlan.co.za
www.hsmclachlan.co.za

NUUSBRIEF 09/02 2024

Geagte Ouers/Voogde

1. **Bedankings:**
   Baie dankie aan mnr. Johan Strydom van die plaas, Sonop, wat die LBP-graad 11-seuns genooi het om te sien hoe pere gepluk word. Ons waardeer sy hulp, raad en ondersteuning geweldig baie. So ook het mnr. Riaan Hendricks van Tulpieskraal vir ons graad 10-Landboukinders kom raad gee oor hulle kruietuin wat hulle self moes beplan. Ons is baie dankbaar vir sy hulp op baie kort kennisgewing.

   Baie dankie aan Tulpieskraal-boerdery vir die tuingrond wat hulle vir die skool gebring het. Die graad 10-landbouklas kon die grond gebruik vir hulle kruietuine. Ons waardeer julle hulp en ondersteuning geweldig baie. Baie dankie vir al die besighede wat vir ons klas se tuin buitebande verskaf het, ons waardeer dit.

   Baie dankie aan al die persone wat verlede week gehelp het om die brand langs die rugbyveld te blus.

2. **Vroeë skoolsluiting: Donderdag, 15 Februarie:**
   Op Donderdag, 15 Februarie, sluit die skool om 11:30 aangesien al die hoërskoolpersoneel ‘n departementele vergadering te Humansdorp moet bywoon.

3. **Weeklikse nuusbrief via e-pos:**
   Die nuusbrief word vanaf vandag ook weer per e-pos uitgestuur. Ouers/Voogde wat aangedui het dat hul die weeklikse nuusbrief in 2024 elektronies wil ontvang, word vriendelik versoek om mev. Daleen Strydom te kontak indien dit nie die geval is nie.

4. **Finansies:**
   - Skoolgeld:
     **Dit is ouers se eie verantwoordelikheid om aansoek te doen vir verminderde skoolfonds. Vorms is beskikbaar by mev. L. Ferreira. Dit moet voor die 15de Februarie ingehandig word.**

   - Kopieerkoste:
     Die kopieerkoste is R580 per leerder per jaar en moet teen 31 Maart 2024 ten volle vereffen wees. Die huur van die fotostaatmasjiene, aankoop van papier en ink plaas ‘n groot finansiële las op die skool, dus is elke ouer se bydrae van uiterste belang. Die leerders van HS-McLachlan ontvang kwaliteit onderrig en daarvoor is ouers se konstante bydrae baie belangrik.

5. **Sport:**
   - SOK-Atletiek 2024:
     Hoërskool McLachlan wen weer. Hoërskool McLachlan was weereens die algehele wenner van die 72ste SOK-atletiekbyeenkoms wat deur Hoërskool Wittedrift aangebied is. Dit was die derde

opeenvolgende jaar dat ons atlete as algehele wenners uit die stryd tree. Die atlete het van vreugde gejuig toe hulle die uitslae hoor. Ons personeel en afrigters is baie trots op julle almal.

Baie geluk en baie dankie aan al die atlete van Hoërskool McLachlan wat so ywerig aan die SOK atletiekbyeenkoms deelgeneem het. Dit was heerlik om so baie ouers daar te hê wat ons atlete van oraloor ondersteun het. Die samesyn en trots om deel van Hoërskool McLachlan te wees het ons afrigters na aan die hart gelê.

Hoërskool McLachlan het die volgende spanbekers verower:
Meisies: 0/14; 0/15 en 0/17
Seuns: 0/12

Die hoërskool atlete was die wenners van die dag en kon met die hoërskoolskild wegstap!

Die laerskoolatlete het ‘n uitstekende derde plek verower. Dit was die eerste keer dat Laerskool Knysna aan die besondere byeenkoms deelneem. Hierdie groot skool was baie strawwe kompetisie.

Ons is baie trots op Lea Cedras, ‘n 0/15-atleet van McLachlan wat twee pryse verower het. Sy was wenner van die die Senior Victrix Ludorum, dit wil sê sy was die beste hoërskooldogter van die dag met die hoogste punt op die ASA-tabel. Baie geluk Lea!

Mclachlan spog ook met die beste presteerder in elke ouderdomsgroep!

<u>Dogters</u>:

| | | |
|---|---|---|
| 0/12 | Igné Ferreira | Gewigstoot |
| 0/14 | Lilitha Ferreira | Gewigstoot |
| 0/15 | Lea Cedras | 200m |
| Vroue 19 | Denique Ferreira | Gewigstoot |

<u>Seuns</u>:

| | | |
|---|---|---|
| 0/9 | Abri Malawu | 60m |

Baie geluk aan die individuele wenners! Ons hou julle by die volgende byeenkomste dop.

Drie laerskoolseuns het ook tydens die byeenkoms rekords verbeter. Dit is ‘n uitstekende prestasie aangesien die byeenkoms reeds vir 72 jaar aangebied word.

| | |
|---|---|
| Tashwin Maree | S-0/12 verbeter die 1 200m. |
| E.J. Meyer | S-0/12 verbeter die 75m hekkies en die verspring rekord. |
| T. Kapank | D-0/10 verbeter die 80m en 70m hekkies. |

D 0/10 aflosspan verbeter die rekord.

Die atlete en personeel het weereens besef dat dit ‘n besondere voorreg is om deel van hierdie besondere skool, naamlik Hoërskool McLachlan te wees.

- <u>Laerskool Kouga-Koukamma Sone atletiek</u>:
  Saterdag, 10 Februarie, vind die Kouga-Koukamma Sone atletiek op die baan van Hoërskool McLachlan plaas. Die byeenkoms begin stiptelik halfag. Beamptes moet asseblief reeds kwart voor sewe aanmeld.
  <u>Bustye</u>:

| | |
|---|---|
| Misgund: | 06:15 |
| Louterwater: | 06:30 |
| Krakeelrivier: | 06:45 |

Laerskoolatlete wat ‘n eerste of tweede plek verwerf sal dan Woensdag, 14 Februarie 2024, op die OVAL in Port Elizabeth (Gqeberha) aan die Sarah Baartman atletiekbyeenkoms deelneem. Hierdie atlete moet die NSSC-registrasievorms wat reeds aan hulle gegee is, volledig voltooi. (Dit is die gewaarmerkte en verkleinde geboortesertifikaat wat op die vorm geplak moet word). Hierdie vorm moet asseblief Maandag by die atletiekorganiseerder ingehandig word. Kwalifiserende tye en afstande is reeds aan die atlete gegee indien hul deel van die Sarah Baartmanspan wil wees. Die skool sal vervoer aan die atlete na Port Elizabeth verskaf. Tye van vertrek sal later deurgegee word.

<u>Hoërskool atletiek:</u>
Saterdag, 17 Februarie 2024, vind die hoërskool Kouga-Koukamma atletiekbyeenkoms by Hoërskool Paul Sauer in Kareedouw plaas.

Hoërskoolatlete wat ‘n eerste of tweede plek verwerf sal dan Woensdag, 21 Februarie 2024, op die OVAL, in Port Elizabeth (Gqeberha), aan die Sarah Baartman atletiekbyeenkoms deelneem. Hierdie atlete moet die NSSC-registrasievorms volledig voltooi. (Dit is die gewaarmerkte en verkleinde geboortesertifikaat of ID wat op die vorm geplak moet word). Hierdie vorm moet asseblief Maandag, 19 Februarie, by die atletiekorganiseerder ingehandig word. Kwalifiserende tye en afstande sal aan die atlete gegee word dat hul kan sien of hul deel van die Sarah Baartmanspan sal kan wees.

- <u>Tennis</u>:
  - Die Hoërskool dogters het teen Hoërskool Westview gespeel en 4-0 gewen. Baie geluk dogters.
  - Die Hoërskool seuns het teen Hoërskool Framesby gespeel en 3-1 gewen.
  - Dinsdag, 13 Februarie, speel die Hoërskool dogters teen Alexander Road high school, tuis.
  - Donderdag, 15 Februarie, speel die Hoërskool seuns teen Hoërskool Pearson, tuis.

  Daar is Maandag vanaf 15:00 tot 16:00 tennisoefening vir alle Hoërskool leerders wat belangstel.

- <u>Krieket</u>:
  - Die 0/13- en 0/11-krieketspanne het ongelukkig net-net verloor teen laerskool Stulting.
  - 0/9-krieket het gelykop gespeel.
  - 0/13-krieketspan speel Maandag, 12 Februarie, teen Hoërskool Paul Sauer. Bussie vertrek 13:00.
  - 0/11-krieketspan speel Dinsdag, 13 Februarie, teen Hoërskool Paul Sauer. Bussie vertrek 13:00.

  Daar is Maandag, 12 Febraurie, ‘n Hoërskool krieketoefening vanaf 14:30 – 15:30.

- <u>Rugby- en netbaloefening</u>:
  Donderdag, 15 Februarie, sal daar geen Hoërskool rugby- en netbaloefening wees nie.

6. **<u>Landsdiens</u>:**
   16-18 Februarie vind die eerste landsdienskamp plaas te Eersterivierstrand. Hoërskool Framesby gaan saam met McLachlan kamp.

7. **<u>Skaak</u>:**
   Skaakoefening vir gr. 1- en 2-leerders begin op Maandag, 12 Februarie, vanaf 13:00 – 14:00. Datums vir ander grade sal later deurgegee word.


8. **Fondinsamelingsprojekte:**
Die volgende fondsinsamelingsprojekte word vir die kwartaal beplan. Ons vra die ouers om dit asseblief te ondersteun.
   - Oppieplaas Spit
   - Golfdag









C.J. STUURMAN
Skoolhoof: Hoërskool McLachlan
tituscelestine@yahoo.com
Cell: +27 (0) 64 650 9453

Hoërskool McLachlan

McLachlan Internet Fasiliteit